Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas

Baie welkom by Trinitas!
Ons sien onsself as 'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 20 OKTOBER 2019

OGGEND 09:00

GOD BEGENADIG DIE SONDAAR

Skriflesing: Lukas 18:9-14

Jesus het dikwels deur gelykenisse geleer. Ons menslike natuur is om onsself te vereenselwig met een van die karakters in die gelykenis. In hierdie gelykenis plaas ons onsself dikwels in die skoene van die tollenaar. Wanneer ons dit doen, maak ons onsself juis skuldig as dieselfde regverdiging van die Fariseër. Jesus leer ons duidelik hoe God die sondaar begenadig.

• God is genadig: Ons leer in God se woord wie Hy is, maar ons word ook gelei tot die besef dat wie God is, is wat elke gelowige nodig het. Ons kan nie sonder God se genade bestaan nie.

• Ek is dié sondaar: Ek moet self tot die besef kom dat ek sondig is. Eers wanneer dit gebeur, kan ek werklik besef hoe nodig ek God se genade het.

• Bid, berou en bekeer: My sondebesef gaan altyd oor in dade. Ek moet tot God bid en daarin erken dat ek sondig is en daarom moet bekeer en wegdraai van die sonde af en terug na God toe. Dikwels beteken hierdie bekering dat ek moet besef dat ek myself regverdig selfs in my eie gebede.

AANDBYEENKOMS 18:00

OF JY EET OF DRINK – DOEN DIT TOT EER VAN DIE HERE

Op watter manier word God sigbaar in die bord kos wat vir my voorgesit word?

Preke beskikbaar in klank en teks by: www.gktrinitas.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK

AAN DIENS

Ouderlinge

Gert Visser, Dolf Jonker

Diakens

Christa Snyman, Warren Pile

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

Vandag – Instandhouding van erediens

20 Oktober – Emeritaatsversorging

BELANGRIKE DATUMS VIR OKTOBER

Vandag. Diakonievergadering

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

facebook.com/GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller ☎0169825017 / 0724874258

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Kassier: Emil Janeke 0798725286

Afloskoster: Vakant

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter ☎0797338778, peter@gktrinitas.co.za

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Kinders vanaf 3 jaar tot graad 4 is welkom om by die erediensbegeleiding aan te sluit wanneer die leraar hulle vorentoe roep. Petra Tromp: ☎0823316151.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

LIEF EN LEED

- Danie Roelofse ☎0169311591 het die afgelope week 'n onkoloog gesien. Ons vra voorbidding vir hom. Sy gesondheid het baie verswak.
- Martin de Klerk ☎0834063722 het 'n ernstige hartaanval gehad tydens hul vakansie. Hy is in Pietermartizburg in die hospitaal. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.
- Doris Coetzee ☎0828205604 sterk tuis aan.
- Barbara Wasserman (Jenny Pieters ☎0832582314) is steeds baie siek.
- Henk Hangelbroek (Marie ☎0810722914) is ontslaan uit die hospitaal.
- Ons bid ook vir Ita Schrap ☎0768879456 en Jan Swanepoel ☎0828422592 wie ernstige gesondheidsprobleme en pyn ervaar.

Voorbidding word vir alle lidmate gevra wat met pyn en beproewings worstel.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP

Kontak James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en ☎0718721741.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!

20/10	Nadia Bosman	☎0743507127
20/10	Elize Smit	☎0824472569

20/10	Nico van der Walt	☎0169324466
21/10	Mikayla Viviers	☎0824473875
22/10	Petro Atkins	☎0832593798
23/10	Erno Nel	☎0825538104
24/10	Elsa Prinsloo	☎0794778699
24/10	Jan vd Westhuizen	☎0844890144
25/10	Liesje Beumer	☎0835642280
25/10	Hestie Venter	☎0836498372
26/10	Francine Louw	☎0824178226
26/10	Alta Muller	☎0723587714

SPESIALE VERJAARSDAE
25 Okt. Hestie Venter.

HUWELIKSHERDENKINGS

20 Okt.	Wynand en Marinda Pretorius ☎0826761891	40 jaar
26 Okt.	Floris en Bokkie Coetzee ☎0843906426	51 jaar

GEHOORAPPARATE
Agter in die kerk onder die trap. Vra gerus die klankman vir hulp.

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel.

DIENSGROEPE
In die saal is daar plakkate met inligting. 'n Inligtingsboekie verskyn binnekort.

TEESKINK
Vanoggend skink Jorien Duminy se groepie. Volgende Sondag skink Anne-Marie Snyman se groep. Hestie Venter ☎0836498372 is die sameroeper.

TRINITAS-BOEKHOEK
Verskeie boeke is beskikbaar agter in die saal om tuis te gaan lees. Franciska v.d. Merwe ☎0827818032.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Gert Visser ☎0834491036. Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035,
Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of
Christa Snyman ☎0798779882.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Kospakkies word maandeliks gepak en uitgedeel. Verskeie droë bestanddele en toiletware kan geskenk word of jy kan **'n kospakkie borg @R200 (wat alles insluit).** Jolani Lourens ☎0823359586.

Die HELPER
Bied praktiese hulp vir verswakte of bejaarde lidmate, en enkellopende dames. NF van Tonder ☎0823356698.

DR. FRANS MINNIE
Afsprake kan deur die kerkkantoor gemaak word met Dr. Minnie (pastorale berader) **Maandae** by die kerk vir lidmate van Geref. gemeentes. Donasies: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

DANKBAARHEIDSFONDS: VRYGEWIGE GENADE!
Ons is 'n *Verloste Familie Diensknegte wat Gestuur* is om die evangelie te bedien. Ons begroting en uitgawes mik om dit te laat gebeur. Ons wil ons huidige begroting laat werk, maar ook groter dinge aanpak waarvoor die Here ons in die toekoms mag roep. Ons vra vrymoedig dat almal wat Trinitas as hulle geestelike tuiste sien finansieel sal bydra tot hierdie dankbaarheidsfonds, groot of klein.

Hierdie bydrae tot die dankbaarheids-fonds is addisioneel tot die maandelikse bydrae wat reeds gegee word. Enige bydraes kan direk in die kerk se rekening betaal word of in die kollektesakkies geplaas word. Merk dit duidelik 'dankbaarheidsfonds'. Ons fokus in Oktober- en Novembermaande hierop, maar u is natuurlik welkom om enige tyd van die jaar tot die fonds by te dra.

TRINITAS WHATSAPP-GROEP

Trinitas se WhatsApp-groep versprei vinnig nuus, gebeure, lief en leed en gaan mettertyd ons SMS-stelsel vervang. Stuur jou naam en nommer aan Maureen van Helden ☎0823922093 indien jy nog nie op die groep is nie.

BEJAARDEFUNKSIE

Alle **lidmate bo 75** word hartlik uitgenooi!
Datum: 7 November
Tyd: 11:00
Waar: By die kerk
'n Ligte middagete word voorsien.
Antwoord asb. voor of op 27 Oktober by Harriet Labuschagne ☎0833047499, die kerkkantoor of skryf jou naam op die lys by die geel aansteekbord in die saal.

OP DIE KENNISGEWINGBORD

- GKSA nuus, Feba Radio, Geopende Deure, GK Durban (laaste erediens), Verblyf aan damesstudent NWU Potch, Jeugkampe vir 2020, GK Cachet Eerstejaarskamp, Geref. Skool Dirk Postma geografie onderwyspos, Aanbieders benodig vir Expando TV-platform.

KLEIN ADVERTENSIES

- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.
- Adri Geere ☎0769592923 benodig admin, sekretariële of kassierwerk.
- Offenbach's is oop op Dinsdae tot Vrydae, 09:00 tot 17:00. Franciska vd Merwe ☎0825167653.
- Vakansieverblyf beskikbaar in Toti Cabanas vanaf 26 Okt. tot 9 Nov. @ R1000 per dag. Slaap 6 persone. Kontak Louw Vorster ☎0835021105

DROOGTEHULP

Enige skenkings ten bate van droogtehulp kan by die kerk afgegee word. (Klere, komberse, nie-bederfbare, skoonmaakprodukte, kruideniers en persoonlike sanitêre produkte ens.) Kontak gerus vir Tannie Catharina Botes ☎0823350100 of kyk op ons WhatsApp-groep vir die volledige lys. GEEN water nie.

DESEMBER KOSPAKKIES

Lekkergoed en koekies word benodig vir die Desemberkospakkies. Dit kan solank kerk toe gebring word. Baie dankie, Jolani Lourens ☎0823359586 .

KERSSANGDIENS
(GK. SASOLBURG EN VAALPARK)

Almal word hartlik uitgenooi na GK Sasolburg en Vaalpark se Kerssangdiens op Sondag 24 November om18:00.
Kunstenaars: Piet Smit, Sasolburg Sanggroep, Laerskool Fonteine en Noted.
Waar: GK Sasolburg, Facikneystraat 3
Toegang: Gratis!

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas
Huisgodsdiensriglyn
20-26 Oktober

Lees saam: Psalm 32

Agtergrond:
Ek is jammer. Woorde wat min gesê word en nog minder bedoel word. Tog is dit belangrik om te sê wanneer ons skuldbelydenis doen. In ons jaartema fokus ons op die blydskap van die blye boodskap. Skuldbelydenis loop op die oog af nie hand-aan-hand nie. Dawid skryf hierdie psalm juis met skuldbelydenis as fokus. Hy beskryf duidelik die fisieke en geestelike pyn wanneer ons worstel met 'n skuldgevoel. Maar erkenning van ons sondes bevry ons van die houvas en gee vir ons nuwe vreugde.

Vrae:
- Wat staan in jou pad om jou sondes te bely?
- Watter emosies beleef jy saam met 'n skuldgevoel?
- Hoe kan jy makliker jou skuld bely?

Bid:
- Erken eerlik en opreg jou sondes voor God
- Vra God vir vergifnis
- Dank God vir die bevryding van ons sondes

Sing saam:
Psalm 42:1

Soos 'n hert in dorre streke
skreeuend dors na die genot
van die helder waterbeke,
skreeu my siel na U, o God!
Ja, my siel dors na die HEER,
na die Lewensbron; wanneer
sal 'k, ná swerftog en benouing,
God weer sien in klare aanskouing?